HOËRSKOOL
LUTZVILLE
HIGH SCHOOL
✉ **6, LUTZVILLE, 8165**
☎ **(027) 2171006**
🖷 **(027) 2172114**
admin@hslutzville.co.za

ONS SKOOL, ONS TROTS

AAN GOD AL DIE EER

Aan alle Ouers

UIT DIE KANTOOR

WEEKBRIEF 7 VAN 2020

HSL 75 JAAR OUD!

ATLETIEK 1955-1959

Paalspring: *Die paal was 'n regte houtpaal (amper soos 'n lang, dik "dropper"). Ons het die pale in Koekenaap in die bloekombos gaan saag, die bas afgemaak en dan die paal laat droog word. Daarna moes ons die paal so glad as moontlik skuur sodat daar geen splinters is wat jou hande kan seermaak nie. Die paal was baie swaar en het natuurlik geen veerkrag gehad ne.*
In ons tyd het kinders nie eintlik vrye tyd gehad nie. Ouers het verwag dat kinders hulle in die huis, op die plaas of, in my geval, in die winkel moet help. Ons winkel was bo by die stasie – daar waar Simba en Alyssa woostelle nou is.
As ek dus by die atletiekbyeenkoms op 'n Saterdag moes paalspring, moes die skool iemand gee om in my plek in die winkel te werk. Mev. Aletta Kritzinger (sy was koshuismoeder en die vrou van Mnr. Johan Kritzinger wat 'n baie gewilde onderwyser was) het partykeer in my plek in die winkel gaan werk as ek moes paalspring.
In 1958 het Mnr Retief vir die skool 'n aluminiumpaal gekoop. Dit was net 'n gewone reguit aluminiumpyp, wat ook die veerkrag gehad het nie, maar dit was 'n lekker ligte paal en dit het baie beter met die paalspring gegaan.

Sakkie Coetzee (Sewester)

5 A'S IN 2019!

Die Matriekklas van 2019 het om verskeie redes naam gemaak, maar die een waarvoor hulle ALTYD onthou sal word, is die 5 A's (uit 35 leerders!). Na die finale eksamenuitslae bekend gemaak is, kon leerders vakke laat hernasien – en nou kan Alyssa Rupping en Marloné le Roux hulle aansluit by Marilu Smuts, Stephane Schlettwein en Wikus Fuller. Die skool kan dus nou spog met 5 gemiddelde A's – wat ook 'n eerste in 75 jaar is! Baie geluk aan hierdie leerders, ons het altyd geweet julle kan!

RUGBYAFRIGTING

Ons skool is bevoorreg om ouers en belangstellendes te hê wat bereid is om te help met die afrigting van ons rugbyspanne in die hoër- en laerskoolafdeling. Hierdie jaar help Albert vd Merwe met 0/7, Deon Geldenhuys en Stephan Marx 0/8, Johan Nieuwoudt 0/9, Christo Cillié en Danie de Klerk 0/11 en Johan van Zyl met 0/19A. 'n Groot dankie aan elkeen van julle vir jul tyd en onbaatsugtige opoffering. Ons glo dit sal die regte saadjies plant vir ons toekomstige sterre.

Koos Scheepers

ONDERSTEUNERSHEMDE

Enige iemand is welkom om saam met HSL ons 75 jaar te vier met ons pragtige ondersteunershemde. Plaas gerus u bestelling by die kantoor @ R280 per hemp (kontant met bestelling, asb). Die sluitingsdatum vir bestellings is 13 Maart. Die grootte moet gemeet word op 'n hemp wat u tans dra, onder die arms van naat tot naat:

Dames:

Grootte	XS	S	M	L	XL	2XL	3XL	4XL	5XL
½ Borsmaat (cm)	46	49	51.5	54	56.5	59	61.5	64	66.5

Mans:

Grootte	S	M	L	XL	2XL	3XL	4XL	5XL
½ Borsmaat (cm)	53	56.5	60	63.5	67	70.5	74	77.5

WISKUNDE OLIMPIADE

Die Wiskunde Olimpiade word vanjaar op Donderdag 12 Maart van 14h00-15h00 in Juf Engela se klas geskryf. Sterkte aan die 25 leerders van gr 8-12 wat ingeskryf het. Maak ons skool trots!

Adri du Toit

OLIFANTSVALLEI EISTEDDFOD

Die Olifantsvallei Eisteddfod vind hierdie jaar plaas op Vrydag, 15 Mei. Slegs vier leerders van elke skool word per afdeling toegelaat om in te skryf. Leerders wat eerste inskryf sal dus eerste hulle plek verseker. Inskrywings beloop R30 per item. Leerders kan in die volgende afdelings deelneem: Afrikaanse Poësie Gr. 1-12, English Poetry Gr. 1-12, Afrikaanse Prosa Gr. 7-12, English Prose Gr. 7-12 en Sang Gr. 1-12. Inskrywings sluit Vrydag, 13 Maart 2020. Alle leerders wat belang stel kan by Juffrou Annali inskryf. ***Annali Erasmus***

ATLETIEK

Ons het nog ‘n Boland Kampioen en rekordhouer. Xavier Owies het die afgelope naweek beide 60m en 80m by die Boland Kampioenskappe gewen en ook ‘n nuwe rekord van 11,28 sek in die 80m opgestel. Baie geluk, jong man!

Quinton van Dyk

LS TENNIS

Die Laerskool se tennisgroepies het die week klaargemaak. Daar sal dus geen groepies volgende week wees nie.

Ronel Wickens

MINI-KRIEKETDAG OP VREDENDAL

Drie van ons Gr. 2 – 3 spanne neem Saterdag by LS Vredendal aan hulle Mini-Krieketdag deel. Baie sterkte aan die spannetjies. Wedstryde begin 08:00 en elke speler het ‘n briefie gekry met die nodige inligting en reëlings rondom dit. Baie dankie aan die ouers wat ons help as spanbestuurders en beamptes. Ons waardeer julle hulp.

Santie van Zyl en Anida Mostert

KRIEKET

Ons het vanjaar ‘n baie goeie seisoen beleef met ons krieket. In die Noordwesteliga het al drie ons spanne, 0/11, 0/13 en 0/19 onoorwonne geëindig. Hierdie spanne is besig om krieket na hoër hoogtes te neem, nie net met prestasies nie maar ook met hulle sportmangees. Baie geluk met hierdie prestasie, doen so voort. ***Quinton van Dyk***

0/11 Krieket

Ons manne het gister teen Vredendal gespeel. Na goeie kolfwerk van CJ (41) en Valdi (30) sit ons 112 op die telbord na 20 beurte en ons boul Vredendal uit vir 46. Baie geluk aan Jaiden wat opgeneem is in NWB span. ***Dieter van Wyk***

0/13 Krieket

Ons 0/13-krieketspan het gister teen Sederberg Primêr gespeel en die seisoen op ‘n hoë noot afgesluit. Ons het 102 lopies aangeteken met Stephan op 28 n.u.n. Ons het hulle toe uitgeboul vir ‘n skamele 22 lopies. Welthayo het 5 paaltjies geneem. Welgedaan julle. ***Quinton van Dyk***

0/15 RUGBY

Ons vertrek Vrydag 6 Maart op ons spanboukamp na Rawsonville. Die manne is baie opgewonde en ons sien uit na 'n lekker seisoen. Ons vetrek 11:15 en beoog om Sondag rondom 13:00 terug te wees. Dankie oom Christiaan du Preez wat die naweek saamgaan. ***Dieter van Wyk***

SPORTDAG 2020

Saam met die opwinding van ons feesjaar, vind HSL se 31ste Sportdag op 14 Maart 2020 plaas. Ongeveer 700 spelers gaan deelneem aan die dag. Kom wees saam met ons TROTS, kom deel in die opwinding en bring die gesin vir ‘n heerlike dag van sport by HSL. Wedstryde beloof om aanskoulik te wees en die GEES aansteeklik. Heerlike verversings is gedurende die dag te koop. HSL spanne wat betrokke is: Rugby: 19A, Netbal: 19A,B; 16A; 15A en 14A. Wedstryde begin om 08:00 en eindig 14:30. Vir persone wat nie deelneem nie, is toegang R10p/p en programme sal ook teen R10 beskikbaar wees. ***Enanda de Klerk***

HS NETBAL

vs Hopefield

Op 29 Februarie 2020 het die 0/19A- en 0/15A-netbalspanne aan ‘n sportdag by Hopefield deelgeneem. Dit was die spanne se eerste wedstryde vir die seisoen. Die 0/15’s het hulle baie goed van hulle taak gekwyt, veral omdat hulle teen die ander skole se 0/16-spanne gespeel het. Die 0/19’s het baie goed gevaar vir 'n span wat nog nie baie saam geoefen het nie. Die uitslae is as volg:

0/15A

HSL wen Vredenburg	14 - 4
HSL wen Diazville	21 - 6
Swartland wen HSL	14 - 7
Charlie Hofmeyer wen HSL	17 - 7

0/19A

HSL wen Vredenburg	21-7
HSL wen Diazville	17-8
HSL wen Swartland	15-11
Charlie Hofmeyer wen HSL	13-6

vs HS Vredendal
Donderdag 5 Maart het die 0/19 Netbalgroep aan 'n toernooi deelgeneem wat deur HS Vredendal aangebied is. Hulle het vier wedstryde gespeel teen gemengde spanne wat bestaan uit skool en dorpspanne. ***Enanda de Klerk***

HS TENNIS
Saterdag 7 Maart gaan Anika Scheepers, Heinz Slabbert, Luanelle Genis en Armand van Dyk, die Boland Platteland Tennisspan op Worcester verteenwoordig waar hulle teen WP gaan speel. Baie sterkte en geniet dit! ***Pieter van Zyl***

PSIGOMETRIESE TOETSE IN SEPTEMBER
Die Graad 8/9's en 12's kan op 10 September rondom 14:00 by Hoërskool Lutzville aanlegtoetse skryf. Hierdie toetse is belangrik vir leerders se vakkeuses in Graad 9/10 en om die breë uitleg vir toekomstige beroepskeuses vir Graad 12's te identifiseer. Die kostes beloop R150 per leerder. Bevestig asb u bespreking en betaling met Bedryf Sielkundige, Christi van Zyl voor 1 Augustus. Kontaknommer vir bespreking en bankbesonderhede: 0734505038.

MARLIDA LOMBARD
SKOOLHOOF
06/03/2020

ONTVANGSERKENNING: Weekbrief 8 van 2020 **INHANDIGING:** 09/03/20

NAAM: .....(Kind) GRAAD: .....
Hiermee erken ek ontvangs van weekbrief 8 van 2020

HANDTEKENING: .....…….... (Ouer) DATUM: .....

SPORTDAG
14 MAART 2020

RUGBYPROGRAM

08:00-09:00	HS Vredendal B	VSS
09:00-10:00	HS Vanrhynsdorp	Monument Park B
10:00-11:00	CSS	Worcester Gim B
11:00-12:00	HSL	Stellenberg C
12:00-13:00	Augsburg	Monument Park A
13:00-14:00	HS Vredendal A	Worcester Gim A

KGR
Katdoringvlei Grond Rehabilitasie EDMS BPK

TRONOX

Das Auto.

MEGA BUS

MSR

LUTZVILLE
CAPE DIAMOND VINEYARDS

Coca-Cola

Top Crop Carriers
a gift from nature

Optimaks
Admin Dienste

Joetsie
our game our pride

VOORBEELD BOERDERY BK

BOLAND MARKAGENTSKAP

OK
FRANCHISE DIVISION

Minrite

InteliGro
intelligent crop solutions

AGRIMARK

Stainless steel Welding. Technical & Mechanical Support
TECHMECH Engineering CC
Do it RIGHT the 1st time
Cell: 083 270 6346
Fax: 086 677 8483
e-Mail: techmech@nashuaisp.co.za

Tina Cowley
Reading Centres / Leessentrums
Readers are achievers! Lesers is presteerders!

LESERS IS PRESTEERDERS!
Engela Adriaanse 082 865 1091

vukatimbers™
we are your solution

i ♥ tomatoes

UP TO DATE
POWER TRADE
VREDENDAL

ENGEN
TIENIE PETROLEUM (EDMS) BPK
PAUL KOTZé 0833269314

***Oom Jan* Se Slaghuis**
Ck 2008/121229/23 Vat no.4470248156
10 Namakwa Ave, Lutzville
Tel. 027-2172254 Fax 0866008728

MATZIKAMA SPORTS
027 213 3408
Janester Sentrum, Voortrekkerstraat Vredendal

AFRIMAT